

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 163**

(Februarie 1982)

## **Die Heilige Gees**

**In hierdie uitgawe:**

- **Kwytgeskeld...**
- **Die Heilige Gees oortuig my van sonde.**
- **Gawes en vrug van die Heilige Gees.**
- **Is die Bybel die Woord van God?**
- **Die kerk vra net geld.**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Kwytgeskeld

## 'N UITSONDERLIKE GRAFSKRIF.

"KWYTGESKELD..." Één woord — so het dit daar gestaan op die eensame grafsteen. Dit was langs die naam van die oorledene geskryf. Nooit sal ek dit vergeet nie.

Om te dink: dié man — hy is *nou* dood — het die rykste en heerlikste geskenk wat 'n mens ooit in hierdie lewe kan ontvang, besit. Hy kon rustig sterwe; hy was seker: Alle sondes is my kwytgeskeld!

Sê my, jy wat hierdie woorde lees, kan jy dit ook van jouself sê?

## DIE MENS HET SY DOEL GEMIS.

Ons sondes — Wat beteken dit? Ek vra nie hoe jy dink oor jou en my sondes nie. Die vraag is wat Gó d daarvan sê.

Paulus noem dit *misdade* (2 Korinthiërs 5). Die woord *misdade* beteken om langsaan te val. Dis soos wanneer jy 'n pyl uit 'n boog skiet na die kol, maar hy nie tref nie; hy val ver van die kol af. So is ons almal; ons val ver van die kol af. Die doel waarvoor God ons bestem het, mis ons. Maar dis nie omdat God jou en my ondoeltreffend geskape het nie. Dis omdat ons moedswillig die regte koers verlaat het. Ons het weggedwing van die koers wat God vir ons gekies het.

*"Ek glo in die  
vergewing van sondes."*

## HOE GOD ONS SIEN.

In die paradys het Adam "*Nee*" gesê teenoor God. Hy het teen God opgestaan. En so maak ons tot vandag toe — al Adam se nakomelinge! As ons gebore word, is ons al vyande van God, sê Paulus. Waar God ons besig sien, sien Hy rebelle, in opstand teen Hom.

Ons wil God tref. Sonde is nie 'n vergryp teen 'n gebruik of 'n gebod of voorskrif nie. Nee, dis 'n vergryp teen 'n Persoon — teen God Self. Daarmee tref ons sy hart — die hart wat nog net altyd goed vir ons oorgehad het. Dis hoe Dawid dit bely in Psalm 51: "*Teen U alleen* het ek gesondig..." Dis hoe God Dawid se sonde van egbreuk en doodslag sien.

## FATAAL IS DIE GEVOLGE.

Al die spanninge, al die wantroue, al die haat, al die vyandskap en selfs die dood — dis alles gevolg van die breuk met God. Nooit sal die lewe harmonieus kan wees as die breuk nie geheel word nie. Alles sal dan ondergaan in sinloosheid.

## DIE WONDERLIKE RUILTRANSAKSIE.

Gelukkig, God kon Hom nie daarin berus dat sy eie maaksels moet wegsterf in 'n nag van sonde en skuld en verderf nie. God wou die breuk herstel. En toe het Hy gedoen wat jy en ek nie sou droom om te doen nie: In ruil vir jou en my redding het Hy sy enigste, geliefde Seun laat betaal met sy lewe. Jou en my skuld is op sy rekening geskryf. En toe sy liggaam aan die kruis verskeur is, was dit die opskeur van ons rekening. Toe ons die oorlog nou wou handhaaf, het God dit finaal beëindig.

Sonde is nie 'n vergryp  
teen 'n gebruik of 'n  
gebod of voorskrif nie.  
Nee, dis 'n vergryp teen  
'n Persoon - teen God self.

## **DIE SKULDBRIEF AAN DIE SPYKER.**

Die evangelie is die blye boodskap dat God jou en my skuldbrief aan die spyker ophang. So is vroeër in klein winkeltjies gedoen: As die rekening of skuldbrief vereffen is, is dit op 'n spyker gedruk. Dis die uitdrukking wat Paulus gebruik in Kolossense 2:14. En wie sy skuld bely en Jesus se versoening gelowig aanvaar, is vergewe. En so telkens as wat jy dit doen met 'n opregte hart, word dit jou weer kwytgeskeld. Ja, God verwyder jou skuld so ver van jou soos die Ooste verwyder is van die Weste! Hy wil nooit meer daaraan dink nie.

Mag ek vra: Sal dit ook op jou grafsteen kan staan:

***KWYTGESKELD!?***

***Nardus Droomer.***

# Die HEILIGE GEES

## Oortuig my van Sonde.

### SKULDGEVOELENS BY DIE DIER.

Hy lyk soos 'n hond wat vet gesteel het. . ." Wie van ons ken nie hierdie bekende Afrikaanse gesegde nie? Maar het jy dit al gesien?

Onlangs nog het ek weer besef waar hierdie gesegde vandaan kom. Dit was toe ons hond een van ons mooiste hoenders doodgebyt het. Natuurlik het my vrou hom 'n ordentlik afranseling gegee. Toe ek die aand by die huis kom, het hy nie spontaan en uitbundig sy baas begroet nie. Skoorvoetend het hy nadergekom, sy stert vasgeknyp tussen sy bene, huiwerend aan die kwispel. Met elke tree wat hy naderkom, het hy sy kop van links na regs gewieg. Hy het nie mooi geweet watter kant hy moet kyk nie, maar dis of hy nie my oog wou vang nie. Hy het goed besef dat hy by 'n plek was waar hy nie mog wees nie. 'n Gevoel van skuld was in elke beweging te merk.

### SKULDGEVOELENS BY DIE NATUURLIKE MENS.

Aanvanklik dink jy dat jy met jou skelmstreek weggekome het . . . totdat jou gewete jou begin opvreet

Ken jy nie ook iets soos die skuldgevoelens van die dier nie? Elke mens ken sulke gevoelens. Aanvanklik dink jy dat jy met jou skelmstreek weggekome het . . . totdat jou gewete jou begin opvreet. Dan verbeel jy jou dat almal daarvan weet. Dis of jy dit in hulle oë kan lees; dis of elke gebaar 'n stille verwyt tot jou rig. Sommige mense kan so deur hulle skuldgevoel gery word, dat dit ondraaglik word, dat hulle 'n wanhoopsdaad pleeg. Dis hierdie gevoel

wat Koning Saul en Judas, die Here se verraaier, laat selfmoord pleeg het. Dis die skuldgevoel van die "natuurlike mens" — die mens sonder die Gees van Christus.

### DIE GEES ALLEEN GEE SONDEBESEF.

Vir die Korinthiërs het Paulus eenmaal gesê: "Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word. Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel..." (I Kor. 2:14, 15). Dit het Paulus gesê uit eie, dure ondervinding.

Vóór sy bekering was Saulus 'n uiters godsdienstige mens (Filip. 3). "Maar Handeling 9 vertel ons wat gebeur as Christus deur die Heilige Gees op Saulus beslag lê. Dan sien Saulus eers werklik wat hy gedoen het — hoe hy die Redder en Saligmaker teëgewerk het. Dan pleit hy aanmekaar vir kwytskelding van sy sonde. As die skilte van sy oë afval, is hy vol van die Gees. Dan beoordeel hy alles met die perspektief wat die Gees hom gee.

### HOE DIE GEES DIE SONDEBESEF BY ONS WEK.

Die Heilige Gees kom met die Bybel na ons toe. Met die Bybel leer Hy jou sien wie Christus is — hoe heerlik Hy is. En as Hy die heerlikheid van Christus in versoenende lyding vir jou uitstal, dan lei Hy jou in die hele waarheid:

- die waarheid dat jy 'n sondaar is;
- die waarheid dat jy verlore is;
- die waarheid dat dit jǒú sonde is wat Jesus sy onbeskryflike lyding gekos het, die straf van die heilige God!

As jy deur die Gees van God beset en beheers word, is daar nooit meer "natuurlike", belangse skuldgevoelens by jou nie. Nee, dan is daar niks meer van die "droefheid van die wêreld" (2 Kor. 7:10) nie. Dan bely jy daaglik soos Dawid: "Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë" — uit 'n gebroke hart en 'n verslae gees. En dan pleit jy: "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee op nuut in die binneste van my 'n vaste Gees."

*"Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste Gees."*

***Nardus Droomer***

# ***GAWES EN VRUG VAN DIE HEILIGE GEES.***

Iemand het 'n geweldige kennis van die Skrif. Hy gebruik dit ook. Maar God gebruik hom klaarblyklik nie om sy Kerk te bou nie.

Nog iemand is 'n kragtige prediker. Maar mense kom nie tot bekering nie.

Iemand anders prys die Here in 'n hemelse taal. Maar dit stoot mense af.

## **WAAROM?**

Al hierdie dinge kan gebeur as in 'n christen se lewe nie die regte verhouding bestaan tussen die gawes en die vrug van die Heilige Gees nie.

Elke ware christen word deur die Heilige Gees wat in hom woon, toegerus met sekere gawes wat nodig is vir opbou van die kerk van die Here (Rom. 12:5-8; I Kor. 12:7-11; 28:31; Ef. 4:11, 12). Maar elke ware christen in wie se hart die Heilige Gees ongehinderd woon en in wie se lewe die Heilige Gees onbelemmerd werk, het ook 'n verdere kenmerk: Hy vertoon die vrug van die Gees (Gal. 5:22, 23; Ef. 5:9).

In die lewe en werk van die ware christen, is 'n pragtige balans tussen die gawes van die Gees en sy vrug.

## **GAWES.**

Die gawes van die Gees is die vermoëns wat mense ontvang om die Kerk en die Koninkryk van God te dien — veral om dit al dienend op te bou. Die gawes is eintlik die gereedskap waarmee Christene werk. Hierdie gawes is nie altyd dieselfde by alle christene nie — en ook nie by alle kerke nie. Die Here kan sekere gawes vir 'n sekere kerk op 'n sekere tyd onnodig ag — en dan kom dit nie daarin voor nie (I Kor. 12:7, 11). Ook word nie alle gawes aan alle Christene gegee nie — nie almal is hande of voete of ore of oë van die liggaam van Christus nie (I Kor. 12:14-20) en almal is ook nie in dieselfde sin profete of leraars of genesers of talesprekers nie (I Kor. 12:29, 30). Daar is dus verskeie gawes en hulle word verskillend uitgedeel soos die Heilige Gees dit nodig ag. Soms het iemand net een of twee gawes, terwyl 'n ander dalk drie of vier kan hê. Soms kan die Here 'n gawe of gawes net vir 'n sekere tyd of vir 'n spesifieke doel aan iemand skenk.

*Die Gawes van die Gees is die vermoëns wat mense ontvang om die Kerk en die Koninkryk van God te dien*

## **VRUG.**

Die vrug van die Heilige Gees is 'n sekere gesindheid wat Hy in christene se harte en lewens gee. Dit kom tot uiting as liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Rom. 14:17; Gal. 5:22, 23; Ef. 5:9). Al hierdie eienskappe vorm saam net een ding: die vrug van die

Heilige Gees. Hierdie vrug verskil in verskillende opsigte van die gawes: eerstens deurdat alle christene hierdie vrug moet hê en tweedens dat hierdie vrug al hierdie verskillende onderdele moet hê. Mens kan nie 'n christen wees en die vrug van die Gees dra en tog nie liefde of vreugde of vrede of nederigheid of selfbeheersing hê nie.

## **GAWES OF VRUG!**

Watter van die twee is die belangrikste?

Albei moet by elke christen voorkom — al het sommige christene byvoorbeeld net een gawe. Tog is dit onmoontlik om deur Christus gered te wees, losgekoop uit die mag van Satan, en Hy het nie vir jou werk nie en gee jou dus nie 'n gawe of gawes om sy Koninkryk te dien nie. Maar net so is dit ook nie moontlik om gered te wees en tog nie die vrug van die Gees voort

te bring nie.

In I Korinthiërs 12 onderrig Paulus die kerk in Korinthe om die gawes goed te verstaan en reg te gebruik. Maar in die volgende hoofstuk sê hy dat al sou mens al die gawes hê en hulle sonder liefde probeer gebruik, sou dit nutteloos wees (I Kor. 13:1-3). Dit beteken: die gawes moet saam met die vrug van die Gees toegepas en gebruik word — dit wil sê met liefde, vriendelikheid, vreugde, geduld, selfbeheersing, ensovoorts.

Wanneer die Christen se lewe gekenmerk word deur die vrug van die Gees, word sy gebruik van die gawes van die Gees gekenmerk deur die vrugte wat dit oplewer.

Dit is dus duidelik: Die Here wil mense in sy diens gebruik wat sy gawes kan aanwend, beheers deur die Heilige Gees. Dit wil sê: Mense met die regte gesindheid.

**D.C. Coetzee**

# IS DIE BYBEL DIE WOORD VAN GOD?

## 1. DIE BELANGRIKE VRAAG.

Hoe weet ons dat die Bybel die Woord van God is?

Dit is 'n baie belangrike vraag wanneer dit gaan oor die Skrif as absolute gesagsbron. Wanneer ons as gelowiges bewyse moet gee vir ons geloofstandpunt word die Skrif aangehaal. Dan word alle teëspraak uitgesluit, want ons erken die Skrif as absolute gesagsbron — as die Woord van God. Wanneer die prediker die evangelie verkondig, sê hy: So sê die Here HERE! Maar hoe weet ons dat dit so is?

## 2. OPLOSSINGS?

Op hierdie vraag is daar al baie antwoorde gegee. Mense het groot aksent op die *oorlewering* gelê. Die Woord van die Here is van geslag tot geslag oorgelewer. Maar die oorlewering is nie onfeilbaar nie, en die mens kan nie bo die Skrif geplaas word nie. Ander het gekom met die gesag van die *kerk*. Maar die kerk maak nie die Bybel die Woord van God nie. Die Bybel is die Woord van God voordat die Kerk dit erken het. Die kerk is gegrond op die fondament van die apostels en die profete.

## 3. DIE SELFGETUIENIS.

Die enigste geldige antwoord op hierdie belangrike vraag is: **die selfgetuienis van die Bybel!** Die Bybel getuig self dat dit die Woord van God is. Dit *is en bly* die Woord van God, al sou geen mens dié getuienis wou aanneem nie, en al sou die wetenskap met al sy kundigheid die teendeel wou bewys.

**Die Bybel getuig self  
dat dit die Woord  
van God is.**

Prof. dr. J.D. du Toit (Totius) het gesê: "'n Diamant is weens sy inwendige samestelling 'n diamant, en dit bly 'n diamant al lê dit ook duisende jare in die aarde verborge." Gaan lees maar die Bybel met 'n oop oor en 'n oop hart en die kind sal duidelik en sonder twyfel die stem van sy Vader hoor. . .

Verskillende Skrifuitsprake bevestig hierdie selfgetuienis van die Skrif. // *Timotheüs 3:16*: "Die hele Skrif is deur God ingegee. . ."; *Hebreërs 1:1*: "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun"; // *Petrus 1:21*: "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het *die* heilige mense van God gespreek." Jesus Christus getuig self ook dat die Ou Testament die Woord van God is, byvoorbeeld *Markus 12:10*: "Het julle nie ook hierdie Skrifwoord gelees: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?" (Aanhaling van Psalm 118:22).

## 4. DIE GELOOF.

Maar hoe kom die gelowige nou tot die aanvaarding van hierdie selfgetuienis van die Skrif? Die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 5) gee vir ons die antwoord: ". . . maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle (die Bybelboeke) van God is. . ." Dr. J.H. Heyns sê in sy **Dogmatiek**: "Die spreke van God deur die Skrif roep geloof in die hart van die mens op en deur hierdie geloof erken die mens die gesag van die Bybel. Daarom kan ons sê dat die gesag van die Bybel, wat wel los en onafhanklik van die mens buite hom staan,

**Die Heilige Gees  
getuig ook saam met  
ons gees dat die  
Bybel die Woord van  
God is.**

sigbaar en effektief word in die menslike aksie van die geloof" (p. 29). *Romeine 8:16* sê dat: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." Die Heilige Gees



getuig ook saam met ons gees dat die Bybel die Woord van God is!

Die eintlike grond vir ons geloof in die Skrifgesag is dus die selfgetuienis van die Bybel, maar die getuienis van die Heilige Gees is die *middel* om ons geloof te beweeg. Hierdie getuienis is geen aparte stem wat tot ons kom buite die Woord nie, maar dit kom uit en deur die Woord. *Die Heilige Gees open ons ore, sodat ons dadelik die stem van ons hemelse Vader herken wanneer Hy spreek!*

## **5. ONWETENSKAPLIK?**

Daar is mense wat sê dat dit onwetenskaplik is. Vir hulle is die geloof in die Skrifgesag onaanvaarbaar. Maar elke wetenskap gaan uit van beginsels waaragter 'n mens nie kan terugryp nie, wat nie bewys kan word nie.

Sonder sulke beginsels, as punte van begin, is geen wetenskap moontlik nie. Vir ons as gelowiges is dit die onfeilbaar geïnspireerde Woord van God!

Besef ons altyd hoe ryk en begenadig is ons dat ons kan *glo* dat die Bybel die Woord van God is?

### **A. Myburgh**

# ***DIE KERK VRA NET GELD***

Hierdie stelling het u seker al baie gehoor.

Miskien het u dit al self in bitterheid teen een of ander ampsdraer van die kerk van die Here geslinger.

Maar dit is mos nie die waarheid nie!

As 'n mens rustig en eerlik na die saak gaan kyk, veral in die lig van die Woord van die Here, dan vorm dit 'n heel ander prentjie.

In I Kronieke 29: 14 lees ek: "*Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee.*" Hierdie woorde is die dankbare juigkreet uit die hart van koning Dawid. Wanneer hy hierdie heerlike en dankbare woorde uitspreek, staan hy tussen hope goud, silwer en koper — daar is ook edelgesteentes en yster, Die koning het 'n beroep op sy volk gedoen om hierdie skatte byeen te bring sodat die tempel van die Here daarmee gebou kan word. Maar hy het uit sy persoonlike besittings ook ruim bygedra. Ons lees dat hy 3 000 talente goud en 7 000 talente silwer gegee het. As 'n mens daaraan dink dat een talent nagenoeg 50 kilogram weeg, kry jy enigsins 'n idee van die koning se offer.

***Die kerk vra nie net geld nie, maar die Here vra die dankbare hart van sy kind.***

Wanneer hy tussen al hierdie dankoffers staan, kyk hy na bo en sê: "Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee."

Dan verstaan Dawid onder die woordjie *alles* nog meer as die skatte wat hom omring.

Hy sien homself as blomende jong seun by die skape van sy vader, en hoedat die Here hom gelei het en van hom die magtigste koning van daardie tyd gemaak het.

Hy sien ook die heerlike seëninge van die Here oor sy volk en die voorspoed wat daar by hulle is. Hulle heerlike offervaardigheid tref hom ook diep. Die volk besit nie die geld nie, maar hulle is rentmeesters van die geld, en hulle bring wat die Here nodig het vir die bou van sy huis, uit dankbaarheid.

Alles wat koning en volk besit, is seëninge uit die hand van die Here! Watter heerlike voorreg is dit nie nou om in dankbaarheid aan die Here 'n offer te gee nie!

Hierdie offers is ook alleen deur Jesus Christus moontlik. Uit onself, vanuit ons sondaarshart sou ons geen offer aan die Here wou bring nie. Maar Christus het ons nuut gemaak. As resultaat van sy wonderlike offer stroom die dankbaarheid uit die hart van die gelowige.

"Wat kan 'k die Heer vir al sy guns vergeld? Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?" (*Psalms 116*)

Uit dankbaarheid vir die genade en liefde wat deur Christus ons deel geword het, en uit dankbaarheid vir die voortdurende geestelike en stoflike seëninge moet ons ons bydraes vir die Here bring.

Ons moet die bydraes ook met vreugde en volle bereidwilligheid gee. "Laat elkeen gee soos wat hy hom sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief" (II Kor. 9:7).

Luister net watter heerlike en ryke belofte is daar gekoppel aan hierdie offer uit dankbaarheid: "Vereer die Here uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; dan

sal jou skure vol word van oorfloed en jou parskuipe oorloop van mos." (Spr. 3:9 en 10).

Die kerk vra nie net geld nie, maar die Here vra die dankbare hart van sy kind.

Moet uself tog nie beroof van die heerlike voorreg om vir die Here dankie te sê vir al die wonderlike seëninge wat daar elke dag in u lewe is nie.

**A. Myburg.**